

Maandag

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe, 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Tema: “Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in.” Vraag: Het ons ‘n diep geestelike verhouding met God waar ons met geestelike dinge besig is? Dít is die vraag wat Paulus in ons gelese teksgedeeltes uit 1 Kor. 2 antwoord met die verklaring in ons teksvers: “Maar ons, ons het die Gees van Christus” Hierdie verklaring beteken in vandag se taal: “Ons het ‘n diep geestelike verhouding met God.” Ons gelowiges wat in Jesus Christus glo word al meer en meer deur sogenaamde spirituele leiers en hul spiritualiteit met die vraag (Het jy ‘n diep persoonlike verhouding met God?) gekonfronteerop so ‘n manier dat ons met elke blootstelling aan elke “nuwe geestelike” telkens “nee” op hierdie vraag moet antwoord. Ons moet antwoord: “Nee, ons het nie so diep verhouding met God nie en is nie met die geestelike dinge van die Gees besig nie. Ons is maar net met die gewone dinge besig in my geloof in Christus.” Paulus se bedoeling met “Ons het die Gees van Christus”, is die TEENOORGESTELDE as die “diep geestelike verhouding met God” van die sogenaamde geestelikes. Die boodskap oor Jesus Christus was vir die Jode en Grieke sommer net nonsens en kragteloos. Hulle het gedink en gevoel hulle het reeds ‘n diep geestelike verhouding met God en is reeds met sulke diep geestelike dinge besig, dat hulle sommer net aangevoel dat Jêsus nóóit sulke diep ervaringe met God vir hulle kan gee, as wat hulle reeds met God het nie. Paulus sê dat dit is waarom hulle Christus se boodskap hoor as geestelike domheid en kragteloosheid. Hierdie geestelikes en hulle volgelingen het gemeen Christus gee nie hierdie diep geestelike verhouding met God wat hulle reeds het nie. En Christene is volgens Griekse “slimmes” en Joodse “vromes” geestelik dom en hou hulle met geestelik kragteloze dinge besig! Dít was die oortuiging van die Grieke en Jode. Maar Paulus antwoord hulle met die verklaring: “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Dinsdag

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe, 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Tema: “Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in.” Hoekom sien die spirituele leiers van hierdie wêreld Christene as ongeestelike mense? Ons kan dit met ‘n voorbeeld toelig. Dit is soos wanneer ‘n tienermeisie haar hart oopmaak vir ‘n seun en vir hom sê sy het hom lief, en hy reageer só: “Dit is ongelooflik interessant en maak my verskriklik opgewonde om daarvan te hoor. Praat met my en vertel my alles daarvan! Ek wil alles weet van hierdie liefde waarvan jy praat. Dit klink net onbegryplik, maar ek wil alles daarvan begryp!” Of dit is soos ‘n tienerseun wat homself in sy liefde vir ‘n meisie gee en vir haar sê dat hy haar lief het, en sy begin opgewonde rondspring voor hom en skree: “Wonderlik, wonderlik, wonderlik! Dit is die grootste wonderwerk wat nog ooit met my gebeur het! Hierdie is die begin van my nuwe wonderlike lewe vol wonderwerke!” Wanneer jy (uiteindelik) óór jou skaamte en vernedering kom van wat so iemand met jou liefde doen, sal jy hom/haar vir altyd vermy en uit jou lewe uitsluit. Hoe antwoord ‘n mens die openbaring van liefde? Deur die liefde te glo en jou liefde te gee! Beslis

nié om met slimmighede daarop te reageer nie. Ook nie om wonderwerke te sien in wat gebeur nie. Dít is die verskil tussen Christene wat die Gees van Christus ontvang en ongelowiges wat die gees van hierdie wêreld het. Paulus stel dit in 1 Kor. 2: 12: Die Gees van God is die Gees wat ons laat wéét wat God ons uit genade skenk in en deur Christus. Ons wéét God skenk ons sy liefde as God, en daarom vertrou ons in hierdie liefde wat God ons skenk en ons leef daarin. Ons wéét wat is die diepte van die liefde van God in sy genade deur Jesus Christus. Daarom glo ons sy liefde en wy onself in die liefde wat sy liefde in ons wek aan Hom toe. Ons soek nie 'n "dieper verhouding" met God in meer interessante kennis van God (die sogenaamde slim Grieke) of kragtiger wonderliker ervarings (die Jode wat net wonderwerke wil hê) nie. God se openbaring van Jesus Christus se lyding en opstanding ÍS as sodanig die wysheid van God en ÍS as sodanig die krag van God. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe. 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Tema: “Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in.” Wie het met God 'n diep geestelike verhouding? Dis hulle vir wie God laat deel in sy diepste geheimenis binne in Homself – dis Jesus Christus! God sluit deur sy Gees ons in die diepste innerlike van Homself in, sy liefde vir ons in en deur Jesus Christus. Só is die Gees van God die Gees van Christus. Christus is daardie geheimenis van God se diepste innerlike liefde vir ons waarby sy Gees ons insluit. (2:9) Dít is die geheimenis van ons VERENIGING met Jesus as mens in die hemel wat Paulus aankondig in 1: 9 en 30, dat God se getrouheid in sy liefde ons verenig met Christus Jesus sy Seun en ons Here, en dat hierdie VERENIGING met Christus ons verlossing van sonde is, want in ons vereniging met Hom is ons vir God se liefde reg en heilig. Dit is die diepste geheimenis van God se innerlikste liefde: Hy verenig ons só met Jesus as mens in die hemel dat óns onheilige liefde en onregverdige lewe vir Christus tel, en sý heilige liefde en regverdige lewe vir ons tel. Paulus verwoord hierdie diepste geheimenis van God se liefde in Efe. 3: 6 en stel dat ons wat nie Jode is nie, ingelyf is in wie Christus as mens in die hemel is en só deel van die diepste verhouding met God wat daar is, sy verbondsverhouding waarin Hy vir ons God is in sy liefde en ons sy kinders in sy liefde laat wees. In Kol. 1:16 – 2:15 stel Paulus die diepste verborge liefde van God is dat Christus self mens geword het en vir ons in sy kruisiging die onheilige en onregverdige sonde in ons plek geword het, sodat ons vir God in Christus se liefde sy heilige en regverdige kinders kan wees. So het ons deel aan al die seëninge van God se verbondsliefde. Die Gees van Christus sluit ons in hierdie diepste liefde van God in – om met Hom as mens-Seun in die hemel verenig te wees om vir God se liefde heilig en regverdig te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe. 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Tema: “Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God

se liefde in." Die Gees van Christus wat Hy aan ons gee, is altyd besig met die woorde of dinge van die Gees! (2: 13, 14) Ons kan met baie geestelike dinge in ons eie gees besig wees, soos verwondering, oordenkings en gebed, maar die geestelike dinge waarmee óns onssélf besig hou, is totaal iets anders as die geestelike dinge waarmee die Géés van Christus Hom besig hou. Wat ons werklik geestelik maak is, is nie die dinge waarmee ons gees besig is nie, maar die dinge en woorde waarmee die Heilige Gees besig is. Wat is die woorde of dinge waarmee die Gees van Christus Hom besig hou wat die diepste geestelike dinge van God is? Dit is altyd die woorde/boodschap oor Christus as die gekruisigde Here! (1:23, 2:2)

Die diepste geestelike dinge van die Gees is...

- * dat Jesus vir ons gebore is as heilige mens, maar as onheilige mens aan die kruis gesterf het sodat ons heilig, sonder smet en onberispelik voor God is, en ons met hierdie trots volkome aan God kan toewy. (Kol. 1: 21);

- * dat Jesus vir ons veroordeel is as sondaar sodat ons nooit deur God veroordeel sal word nie, maar altyd deur Hom as sy kinders verheerlik sal word sodat ons Hom kan eer en verheerlik as ons God. (Rom. 8: 1, 31- 34);

- * dat Jesus aan die kruis in ons plek vervloek is vir ons sondes sodat ons altyd deur God met sy verbondseëninge geseën word (Gal. 3: 10 – 14) en

- * dat Jesus aan die verwerping van God se wet onderworpe was sodat God ons in die liefde wat Hy vir Jesus sy Seun het, aangeneem word as sy kinders.

Hierdie dinge van die Gees aanvaar ons in geloof en dit maak dat ons God liefhet as sy kinders wat Hy in sy liefde aangeneem het. (Gal. 4: 1 – 7) Wie met hiérdie dinge van Christus besig is, is besig met die geestelike dinge en woorde uit die diepste verhouding wat met God moontlik is, met CHRISTUS. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe. 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. "Maar ons, ons het die Gees van Christus." Tema: óChristus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in." Wie is besig met geestelike dinge? Hulle wie Jesus ken en vertrou in alles wie Hy in hulle plek vir hulle is. Jesus se geboorte, lyding onder Pontius Pilatus, sy kruisiging, sterwe, begrafnis, opstanding, hemelvaart, sy regering aan die Vader se regterhand en sy wederkoms, en alles wie Hy ons daardeur laat wees vir God, en dit alles ís die geestelike dinge van die Gees van God, dit ís die woorde van die Gees van God! Hulle wie hulle in geloof hiermee besig hou, is met die geestelike dinge van die Gees van Christus mee besig en hét die diepste moontlike verhouding met God. Om Christus te ken en te vertrou vir wie Hy in sy lyding en opstanding vir ons is, is met die geestelike dinge van die Gees van Christus besig. Daarom word Christene nêrens in die Bybel "die geestelikes" genoem nie. Hulle wie besig is met die dinge waarmee die Heilige Gees hom besig hou, Jesus Christus en sy lyding en opstanding, en ons vereniging met Christus, word die "heiliges", die "regverdiges" en die "gelowiges" genoem. Nooit die "geestelikes" nie! Want ons is nooit met ons eie geestelike dinge besig nie, maar ons glo ín en vertrou elke dag óp die geestelike dinge waarmee Christus se Gees besig is: vir die sonde wat ek hier gedoen het, het

Christus voor gesterf en alle skuld weggeneem sodat ek vrymoedig weer my plig teenoor God kan opneem; God het my in Christus as sy kind aangeneem en sy Seun deur die hel van verwerping laat gaan, sodat ek God ten spyte van my sonde steeds mag lief hê; God sal my vir my oortreding wat ek hier begaan het nooit veroordeel nie, omdat Christus in my plek veroordeel is, en ek God nog steeds mag verheerlik. Wie só in die geloof in sy/haar hart en verstand en gees met Christus besig is, deurleef die diepste geestelike verhouding wat 'n mens met God kán hê, want hy/sy is besig met die dinge van die Gees van God – Christus! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

1 Kor. 1: 9, 22, 30; 2: 2, 6 – 16; Efe. 2: 1 – 3. Teks 1 Kor. 2: 16 b. “Maar ons, ons het die Gees van Christus.” Tema: “Christus sluit ons in die diepste geheimenis van God se liefde in.” Die nuwe spirituele leiers wat in die kerk en wêreld opstaan is almal besig om hul self en ander mense in die dieptes van hul eie gees te probeer afneem en so besig te wees met die dinge van hul eie spiritualiteit. Hulle vind die geheimenis van God in hul eie gees deur God in jou binneste “toe te laat en innooi”, sodat die goddelikheid van God in jou kan wees. In hulle eie gees vind en ervaar hulle God nou deur te mediteer, retraites te hou en hulself geestelik te verryk met mense se spiritualiteite. Só raak hulle besig met nuwe geestelike dinge, met hul eie gedagtes, idees, gevoelens, innighede, visioene, drome, besluite, wil en begeesterheid wat uit hulsêlf opkom, asof dít die dinge van die Gees van God sou wees. Paulus beskryf hierdie sogenaamde dieper verhouding en meer geestelike dinge van goddelose mense in Efesiërs 2:1, 2 só: “Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is. So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het net gedoen waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het.” Die mens se eie sondige aard is vir hierdie spirituele leiers die nuwe geheimenis van 'n dieper verhouding met God as Christus. Wie God in sy eie sondige aard innooi om God in sy eie sondige gees te huisves, te ontdek, te ontmoet en gemeenskap mee te hê, vind in sy eie sondige aard (so glo hulle) 'n baie dieper verhouding met God as die (so preek hulle) dom en kragteloze verbondsverhouding met God in Christus. Daarteenoor: gelowiges is met hulle hele hart, siel verstand en gees besig in die geloof met wie CHRISTUS ons in ons vereniging met Hom laat wees. Dieper as hierdie geloof kán dit nie en meer geestelik as hierdie geloof kán dit nie! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus